Verwysing: 20190228-2254
Leêrno.: 13/7/1/2
Navrae: NF Sobetwa-Magodla

Omsendbrief: 0014/2019
Vervaldatum: 30 November 2019

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunk-direkteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Kringbestuurders, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Leerderondersteuningskoördinering, Assesserings- en eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Bestuurders van leersentrums vir volwassenes

Kort opsomming: *Hierdie omsendbrief lig die leersentrums vir volwassenes in aangaande die finale roosters en reëlings vir die Junie en November 2019 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VBOO) Vlak 4-eksamens.*

Onderwerp: Finale roosters en reëlings vir die Junie en November 2019 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VBOO) Vlak 4-eksamens

1. Aangeheg is die roosters vir die Junie en November 2019 Basiese Onderwys en Opleiding vir Volwassenes (VBOO) Vlak 4-eksamens. Die Junie-eksamen sal op 30 Mei 2019 begin en op 24 Junie 2019 eindig. Die November-eksamen sal op 31 Oktober 2019 begin en op 22 November 2019 eindig. Alle eksamensessies sal om 14:00 begin. Nalating om by die eksamendatums en tye te hou sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.

2. Gehalteversekering van eksamenprosedures is noodsaaklik om die geloofwaardigheid van die eksamens te verseker. Dit sal onaangekondigde besoeke aan eksamensentrums insluit om te verseker dat alle eksamens volgens die toepaslike regulasies afgeneem word. Verteenwoordigers van die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD), Umalusi en die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) sal die eksamenprosedures by die eksamensentrums monitor. Neem asseblief kennis dat monitors slegs toegelaat mag word om 'n eksamen te monitor as hulle bewys van identiteit en 'n magtigingsbrief om 'n eksamen namens die betrokke kantoor te monitor, kan toon.

3. Indien 'n sentrum se eksamens op die terrein van 'n hoofstroomskool afgelê word, moet die sentrumbestuurder vooraf reëlings vir die gebruik van die kluis, die administratiewe afdeling, klaskamers, ablusiegeriewe, ens. tref.

4. Die sentrumbestuurder is verantwoordelik en aanspreeklik vir alle administratiewe aangeleenthede wat met die eksamens verband hou.

5. Geen kandidaat mag in die eksamenlokaal toegelaat word tensy hy of sy 'n toelatingsbrief en 'n identiteitsdokument getoon het nie. (Let daarop dat, indien 'n kandidaat toegelaat word om eksamen sonder 'n geldige identiteitsdokument en toelatingsbrief te skryf, hy of sy binne 24 uur bewys van identiteit moet verskaf. Nalating hiervan sal as 'n onreëlmatigheid in die eksamen beskou word.)

6. Die hoofopsiener moet seker maak dat kandidate die eksamenlokaal 35 minute voor die amptelike aanvangstyd van die eksamensessie binnegaan. Hierdie tyd moet soos volg aangewend word:

6.1 Die eerste 25 minute moet aangewend word om die kandidate hul regte sitplekke te laat inneem, vraestelle en antwoordboeke uit te deel en die eksamenregulasies voor te lees.

6.2 Gedurende die oorblywende 10 minute moet die kandidate die geleentheid kry om deur die vraestel te lees.

6.3 Dit is nie toelaatbaar om enigiets gedurende die 35 minute neer te skryf of notas te maak nie. Die oortreding van hierdie reël sal as 'n onreëlmatigheid beskou word.

6.4 Kandidate moet ophou skryf op die tyd wat op die eksamenrooster aangedui word.

7. Sentrumbestuurders word versoek om:

7.1 so gou as moontlik roosters aan al hul lektore en kandidate te verskaf sodat hulle hul vir die eksamens kan voorberei; en

7.2 al hul kandidate daaraan te herinner dat hul identiteitsdokumente en toelatingsbriewe voor die aanvang van elke eksamensessie getoon moet word om enige identiteitsbedrog te voorkom.

8. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle kandidate en lektore.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2019-03-15

ANNEXURE A

GETC: ABET LEVEL 4 JUNE 2019 EXAMINATION TIMETABLE / AOOS: BOOV VLAK 4 JUNIE 2019 EKSAMEN ROOSTER

Examination Date /Eksamen Datum	Time/Tyd	Code/Kode	Learning Area Description /	Leerareabeskrywing
Thursday/Donderdag 30/05/2019	14:00 – 17:00	INCT4	Information Communication Technology L4	Inligtings Kommunikasie Tegnologie V4
Friday/Vrydag 31/05/2019	14:00 – 17:00	LIFO4	Life Orientation L4/	Lewensoriëntering V4
Monday/Maandag 03/06/2019	14:00 – 17:00	LCXH4, LCSP4, LCXI4, LCSW4, LCND4, LCZU4, LCSO4, LCVE4, LCTS4,	LLC: IsiXhosa, Sepedi, Xitsonga, Siswati, IsiNdebele L4/ LLC: IsiZulu, Sesotho, Tshivenda, Setswana L4/	TGK: IsiXhosa, Sepedi, Xitsonga, Siswati, IsiNdebele V4 TGK: IsiZulu, Sesotho, Tshivenda, Setswana V4
Tuesday/Dinsdag 04/06/2019	14:00 – 17:00	LCEN4	LLC: English L4/	TGK: Engels V4
Wednesday/Woensdag 05/06/2019	14:00 – 17:00	LCAF4	LLC: Afrikaans L4/	TGK: Afrikaans V4
Thursday/Donderdag 06/06/2019	14:00 – 17:00	ARTC4	Arts and Culture L4/	Kuns en Kultuur V4
Friday/Vrydag 07/06/2019	14:00 – 17:00	TECH4	Technology L4/	Tegnologie V4
Monday/Maandag 10/06/2019	14:00 – 17:00	MLMS4 MMSC4	Mathematical Literacy L4/ Mathematics and Mathematical Sciences L4/	Wiskunde Geletterdheid V4 Wiskunde en Wiskunde Wetenskappe V4
Tuesday/Dinsdag 11/06/2019	14:00 – 17:00	HSSC4	Human and Social Sciences L4/	Menslike en Sosiale Wetenskappe V4
Wednesday/Woensdag 12/06/2019	14:00 – 17:00	TRVT4	Travel and Tourism L4/	Reis en Toerisme V4
Thursday/Donderdag 13/06/2019	14:00 – 17:00	SMME4	Small Medium and Micro Enterprises L4/	Klein Medium en Mikro Ondernemings V4
Friday/Vrydag 14/06/2019	14:00 – 17:00	EMSC4	Economic and Management Sciences L4/	Ekonomiese en Bestuurwetenskappe V4
Tuesday/Dinsdag 18/06/2019	14:00 – 17:00	WHRT4	Wholesale and Retail L4	Groothandel en Kleinhandel V4
Wednesday/Woensdag 19/06/2019	14:00 – 17:00	NATS4	Natural Sciences L4/	Natuurwetenskappe V4
Thursday/Donderdag 20/06/2019	14:00 – 17:00	AAAT4	Applied Agriculture and Agricultural Technology L4/	Toegepaste Landbou en Landbou Tegnologie V4
Friday/Vrydag 21/06/2019	14:00 – 17:00	ANHC4	Ancillary Health Care L4/	Aanvullende Gesondheidssorg V4
Monday/Maandag 24/06/2019	14:00 – 17:00	ECDV4	Early Childhood Development L4	Vroeë Kinderontwikkeling V4

ANNEXURE B

higher education & training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

GETC: ABET LEVEL 4 NOVEMBER 2019 EXAMINATION TIMETABLE / AOOS: BOOV VLAK 4 NOVEMBER 2019 EKSAMEN ROOSTER

Examination Date /Eksamen Datum	Time/Tyd	Code/Kode	Learning Area Description /	Leerareabeskrywing
Thursday/Donderdag 31/10/2019	14:00 – 17:00	INCT4	Information Communication Technology L4	Inligtings Kommunikasie Tegnologie V4
Friday/Vrydag 01/11/2019	14:00 – 17:00	LIFO4	Life Orientation L4/	Lewensoriëntering V4
Monday/Maandag 04/11/2019	14:00 – 17:00	LCXH4, LCSP4, LCXI4, LCSW4, LCND4, LCZU4, LCSO4, LCVE4, LCTS4,	LLC: IsiXhosa, Sepedi, Xitsonga, Siswati, IsiNdebele L4/ LLC: IsiZulu, Sesotho, Tshivenda, Setswana L4/	TGK: IsiXhosa, Sepedi, Xitsonga, Siswati, IsiNdebele V4 TGK: IsiZulu, Sesotho, Tshivenda, Setswana V4
Tuesday/Dinsdag 05/11/2019	14:00 – 17:00	LCEN4	LLC: English L4/	TGK: Engels V4
Wednesday/Woensdag 06/11/2019	14:00 – 17:00	LCAF4	LLC: Afrikaans L4/	TGK: Afrikaans V4
Thursday/Donderdag 07/11/2019	14:00 – 17:00	ARTC4	Arts and Culture L4/	Kuns en Kultuur V4
Friday/Vrydag 08/11/2019	14:00 – 17:00	TECH4	Technology L4/	Tegnologie V4
Monday/Maandag 11/11/2019	14:00 – 17:00	MLMS4 MMSC4	Mathematical Literacy L4/ Mathematics and Mathematical Sciences L4/	Wiskunde Geletterdheid V4 Wiskunde en Wiskunde Wetenskappe V4
Tuesday/Dinsdag 12/11/2019	14:00 – 17:00	HSSC4	Human and Social Sciences L4/	Menslike en Sosiale Wetenskappe V4
Wednesday/Woensdag 13/11/2019	14:00 – 17:00	TRVT4	Travel and Tourism L4/	Reis en Toerisme V4
Thursday/Donderdag 14/11/2019	14:00 – 17:00	SMME4	Small Medium and Micro Enterprises L4/	Klein Medium en Mikro Ondernemings V4
Friday/Vrydag 15/11/2019	14:00 – 17:00	EMSC4	Economic and Management Sciences L4/	Ekonomiese en Bestuurwetenskappe V4
Monday/Maandag 18/11/2019	14:00 – 17:00	WHRT4	Wholesale and Retail L4	Groothandel en Kleinhandel V4
Tuesday/Dinsdag 19/11/2019	14:00 – 17:00	NATS4	Natural Sciences L4/	Natuurwetenskappe V4
Wednesday/Woensdag 20/11/2019	14:00 – 17:00	AAAT4	Applied Agriculture and Agricultural Technology L4/	Toegepaste Landbou en Landbou Tegnologie V4
Thursday/Donderdag 21/11/2019	14:00 – 17:00	ANHC4	Ancillary Health Care L4/	Aanvullende Gesondheidssorg V4
Friday/Vrydag 22/11/2019	14:00 – 17:00	ECDV4	Early Childhood Development L4	Vroeë Kinderontwikkeling V4